Western Cape Government

QUALITY EDUCATION
for every child | in every classroom | in every school in the province.

1923-2023
HOËRSKOOL OUTENIQUA

## AANHANGSEL A

**Kennisgewing van beheerliggaamverkiesing vir ouers van leerders van Hoërskool Outeniqua tot beheerliggaam.** (*Regulasies 18, 19, 22 en 23 van die Regulasies op Prosedures vir die Verkiesing en Instelling van Beheerliggame by Openbare Skole, 2024)*

**NAAM VAN SKOOL:** Hoërskool Outeniqua **EMIS-NOMMER:** 118110257

Kennis geskied hiermee soos volg:
1. 'n Ouer van 'n leerder wat die bogenoemde skool bywoon, wie se naam op die kieserslys van die skool is, mag enige ander ouer van 'n leerder wat die skool bywoon wie se naam op die keiserslys van die skool is benoem, of sodanige ouer se benoeming sekondeer, deur 'n voltooide benoemingsvorm teen nie later nie as **8 Maart 2023** by die skool af te lewer.

2. Benoemings gaan via die internet gedoen word. Hoërskool Outeniqua maak gebruik van VotingCrowd.
Die volgende reëls geld:
(i) alle benoemings oorweeg;
(ii) alle benoemings verwerp wat nie verkiesbaar is nie of wat nie behoorlik voltooi is nie; en
(iii) 'n lys opstel van benoemde ouers wat kwalifiseer om kandidate te wees.

3. Enige persoon mag 'n beswaar teen enige benoeming skriftelik by die skoolkiesbeampte Mnr. Sas du Plessis aanteken teen 16:00 op **Maandag 11 Maart 2024.**

4. 'n Aanlynverkiesing sal gehou word op **Woensdag 13 Maart 2024** vanaf 07:00 – 18:00
.
Die skakel sal per epos en WhatsApp aan alle ouers gestuur word. Indien 'n ouer nie internet fasiliteite het nie, kan u by die skool in Lokaal 26 gaan stem.

Hierdie verkiesing sal slegs gehou word indien meer as sewe ouerkandidate benoem word.

Die tel van stemme vind outomaties plaas en die uitslae sal op **Donderdag 14 Maart 2024** elektronies bekend gemaak word.

6. U word hiermee daaraan herinner om—
*(a)* die volgende faktore in aanmerking te neem wanneer ouerkandidate benoem en verkies word:
(i) die beginsel van billikheid;
(ii) die noodsaaklikheid om onregte van die verlede reg te stel; en
(iii) die noodsaaklikheid van verteenwoordiging.

7. Indien die getal benoemde ouerkandidate gelyk is aan die getal lede wat verkies moet word, en hulle verkiesbaar is om as lede in die beheerliggaam te dien, sal die ouerkandidate as verkose lede van die beheerliggaam geag word, en daar sal geen verkiesing wees nie.

8. Indien die getal benoemde ouerkandidate meer is as die getal lede wat verkies moet word, en hulle verkiesbaar is om as lede in die beheerliggaam te dien, moet 'n verkiesing gehou word.

9. Indien die getal benoemde ouerkandidate minder is as die getal lede wat verkies moet word, en hulle verkiesbaar is om as lede in die beheerliggaam te dien, moet die skoolkiesbeampte verklaar dat die ouerkandidate na behore verkies is, en verdere benoemings van ouerkandidate aanvra.

12 Februarie 2024

HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE

ADRES:
Laingstr. 23
George-suid
George
6529

STEMPEL

VORENTOE
Laerskool
George-Suid
*"Skool van uitnemendheid"*
Laingstraat, George-Suid
Posbus 406, George 6530
t 044 873 3464
f 044 873 2704
ontvangs@lgs.co.za